191. A. 1 (5)

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Verw./Ref. No.

NASIONALE ONDERWYSRAAD
NATIONAL EDUCATION COUNCIL

Telegramme / Telegrams "Adviesraad"
Telefoon / Telephone 3-3114 3-3117

Privaatsak / Private Bag 298,
PRETORIA.

# 'N BESOEK AAN WES-DUITSLAND - III

## ONDERWYSERS EN HULLE OPLEIDING

DEUR PROF. H.B. THOM,

VOORSITTER, NASIONALE ONDERWYSRAAD

Die sukses van die onderwys is bowenalles afhanklik van die onderwyser en die onderwyseres, en van die opleiding wat hulle kry om onderwys en opvoeding van die leerlinge te behartig.

Dit word vandag in die Duitse Bondsrepubliek baie goed besef. Die volk is hom ook pynlik bewus van die vernederende tragedies wat hom in twee wêreldoorloë oorval het, en hy vestig sy hoop grotendeels op die onderwys en opvoeding om ŉ herhaling in die toekoms te voorkom.

ŉ Mens het nog maar pas besoeke by opvoedkundige inrigtings begin, of jy hoor van ŉ tekort aan leerkragte. Rektore van Pädagogische Hochschulen (Onderwyskolleges by ons), dekane van Fakulteite van Opvoedkunde aan universiteite, en professore in departemente van sulke fakulteite is besorg hieroor. Hulle beklemtoon dat daar vir die Bondsrepubliek en ál sy mense ŉ katastrofe wag as daar nie betyds in hierdie tekort voorsien kan word nie.

Teenoor hierdie mening van opvoedkundiges kry ons die mening wat soms deur politici gestel word, t.w. dat daar nie ŉ noemenswaardige tekort is nie. Hulle verdeel die groottotaal van leerlinge in die hele Bondsrepubliek deur die groottotaal van beskikbare leerkragte, en vind dan

dat, vir bv. 1968, die gemiddelde klas op die skole ongeveer 27 leerlinge getel het. Dit, meen hulle, is nie te groot nie, sodat daar dus nie van 'n ernstige tekort aan leerkragte sprake kan wees nie.

Nadere ondersoek het egter spoedig aan die lig gebring dat daar wel 'n groot tekort is, maar dat dit gekwalifiseer moet word. Die tekort is in primêre skole heelwat ernstiger as in hoërskole. In 1968 was die gemiddelde klasgrootte in primêre skole ongeveer 34, teenoor ongeveer 24 in hoërskole. Hierdie klasgetal vir hoërskole lyk nie baie hoog nie, maar die groot moeilikheid vir hoërskole, is dat, ofskoon daar 'n redelike totaal van leerkragte is, daar 'n nypende tekort aan gekwalifiseerde onderwysers in sekere vakke is, bv. Wiskunde, Fisika, Skeikunde. Soos in vrywel alle ontwikkelde lande, bied handel en nywerheid ook hier sulke goeie moontlikhede vir jong mense in hierdie vakrigtings dat hulle nie so maklik tot die onderwys toetree nie.

'n Mens kom ook al gou agter dat die toestand nie in al elf die Länder (of state), waaruit die Bondsrepubliek bestaan, dieselfde is nie. Neem ons weer die syfers vir 1968, dan vind ons dat die gemiddelde klas in primêre skole in Beiere op byna 37 te staan kom, in Noord-Ryn-Wesfale op 36, in Rynland-Palts en Baden-Württemberg op 35, en daarteenoor in Sleeswyk-Holstein op 29 en in Bremen op 30. Hieruit volg dat die tekort aan primêre onderwysers in die eersgenoemde vier lande heelwat ernstiger is as in die laasgenoemde twee.

Ook wat hoërskole betref, bestaan daar aansienlike verskille tussen die lande. In Berlyn tel die gemiddelde hoërskoolklas ongeveer 23, in Sleeswyk-Holstein, Hesse en Hamburg 26, teenoor 32 in Rynland-Palts en die Saar, en 30 in Baden-Württemberg. Die tekort is dus klaarblyklik groter in die eersgenoemde groep lande as in die laasgenoemde; en

3/.......

dit is natuurlik des te ernstiger in die „skaars" vakke wat genoem is.

Gesaghebbendes is dit eens dat die toestand in die afgelope jare, wat primêre skole betref, ietwat verbeter het, maar dat daar ŉ effense agteruitgang was wat hoërskole aangaan. En as ŉ mens na syfers vir 1961 en 1968 kyk, wat die Bondsminister vir Onderwys en Wetenskap in sy Bildungsbericht 1970 verstrek, dan vind jy bevestiging hiervoor.

Die tekort hang ongetwyfeld, naas ander faktore, ook saam met klagtes wat daar, ten regte of ten onregte, oor die aansien en status van die onderwysberoep gehoor word. Of sulke klagtes gegrond is of nie, dit bly ŉ feit dat dit jongmense minstens nie aanmoedig om die beroep te kies nie, en dit moet in die praktyk dus ŉ negatiewe uitwerking hê.

Wat die gehalte en gesindheid van jongmense betref wat hulle vir die onderwysberoep laat oplei, is daar oor die algemeen tevredenheid. Daar word wel gesê dat sommige van hulle te maklik betoog, wat egter in baie gevalle miskien maar aan ŉ oordrewe gees van Sturm und Drang toegeskryf moet word. Oor die algemeen skyn hierdie jongmense hardwerkend en toegewyd te wees, en is dit hulle erns met hulle toekomstige beroep.

Van groot belang vir die beroep,en by uitstek vir die aansien daarvan, is natuurlik beroepsorganisasies. In hierdie verband staan ŉ mens verbaas as jy sien dat daar in die Bondsrepubliek glad nie die toestand bestaan wat ons in Suid-Afrika so goed ken nie. Hulle het nie die goed georganiseerde onderwysersverenigings wat duisende lede tel, belangrike jaarlikse kongresse hou, gesaghebbende uitsprake doen, oor groot gebiede optree en deur staats- en lokale onderwysowerhede gerespekteer word nie.

Die Lehrerverbände wat daar wel bestaan, is betreklik klein en onbelangrik en tree nie lande- of staatswyd op nie. Vir die beroep as sodanig en vir die bepaling van onderwysbeleid in die Länder, of in die Bondsrepubliek in die algemeen, is hulle nie van betekenis nie. Toe ek by ŉ hoë

regeringsamptenaar navraag doen oor die rol wat onderwysersverenigings by die bepaling van die amptelike beleid speel, het hy so 'n vraag selfs ietwat vreemd gevind.

Soos iedereen weet, hang die aansien en doeltreffendheid van 'n beroep grotendeels saam met die opleiding wat diegene ontvang wat daardie beroep gaan beoefen. Die waarheid hiervan word vandag in die Bondsrepubliek soseer besef dat daar deur onderwysowerhede van die Republiek en van die Länder, deur navorsingsinstitute, deur opleidingsinrigtings en deur professore in opvoedkundige vakke ernstig aandag gewy word aan die kwessie van onderwysersopleiding en probleme in verband daarmee. Waar opvoedkundige sake aan die orde kom, in gesprekke, by vergaderings en simposia, in artikels en verslae, oral is Lehrerausbildung 'n populêre onderwerp. ('n Mens het onwillekeurig sommer baie aan Suid-Afrika gedink!)

Die oorwegende standpunt in die Bondsrepubliek is dat die opleiding van onderwysers 'n saak is wat by die universiteite tuishoort. Daar was egter 'n historiese verloop wat meegebring het dat dit vandag in werklikheid nie só is nie. Nietemin word daar sterk in hierdie rigting gewerk, en belangrike vordering is ook reeds gemaak.

Dit is vandag die amptelike beleid in die Länder dat alle onderwysers vir hoërskole aan universiteite opgelei word, en hierdie beleid word ook geruime tyd al toegepas. Dit word deur die publiek ook aanvaar, en 'n mens sal inderdaad geen objektiewe, ingeligte persoon kry wat beswaar hierteen inbring nie. In die oë van gesaghebbendes deug die stelsel goed.

Onderwysers vir die primêre skole word hoofsaaklik aan Pädagogische Hochschulen opgelei. Soos ek reeds aangedui het, kan dié inrigtings min of meer met ons onderwyskolleges gelykgestel word. Sommige is in werklikheid baie groot inrigtings, soos die Hochschule Rheinland wat 'n totaal van 10,000 studente het, versprei oor vyf verskillende sentra.

In die lig van die beskouing dat die opleiding van onderwysers by die universiteite tuishoort, kan ŉ mens verwag dat ook die opleiding van primêre onderwysers eventueel na die universiteite oorgeplaas sal word. Dit het by sommige pedagogiese hoëskole vrees oor hulle toekoms laat ontstaan. Die oplossing sal waarskynlik gevind word in ŉ geleidelike inlywing van hierdie inrigtinge by die universiteite. ŉ Mens het rede om dit te verwag aangesien daar op die oomblik hard gedink word in die rigting van die Gesamthochschule, d.w.s. die omvattende universiteit waarby ingelyf sal wees, naas die bestaande universiteit, nie net die Pädagogische Hochschule nie maar ook die Hochschule für Leibesübungen (Liggaamsopvoeding) en die Hochschule für Musik.

Sekere universiteite is op die oomblik nog hierteen gekant, aangesien daar studente aan die hoëskole is wat nie oor die Abitur (die eksamen vir universiteitstoelating) beskik nie, en dus nie as geskikte universiteitsmateriaal beskou word nie. Hierdie universiteite sou liewer die bedeling wil hê wat reeds aan die Universiteit van Hamburg bestaan, waar eenvoudig alle onderwysersopleiding onder die universiteit geïntegreer is, en die universiteit, sonder tussenkoms van enige ander inrigting, maatreëls tref soos hy goed en dienstig ag. „Hamburg hat schon die Lösung", het ŉ universiteitshoof by ŉ bespreking van hierdie vraagstuk verklaar.

Afgesien van ŉ verwysing hier en daar, het ek my opsetlik weerhou aan ŉ vergelyking van opvoedkundige toestande in die Bondsrepubliek met dié in ons eie land. Die leser sal egter self ongetwyfeld dikwels treffende ooreenkomste opgelet het; en dis seker goed om dit raak te sien want dit help ons om, in ons eie situasie, uit die ervaring van ander te leer.

As ek kon afsluit met ŉ enkele opmerking, dan sou dit dít wees: Dit was verfrissend om te sien hoedat die mense van ŉ ou land en ou kultuur die probleme van hulle onderwys met mening aandurf; hoedat hulle

hulleself tot innovasie bereid toon; en hoedat hulle hulle ondanks risiko's nie van stryk laat bring nie. Dit is des te meer verfrissend as ons in gedagte hou wat 'n enigsins siniese Engelse skrywer gesê het: „Effecting educational change, is like moving a grave-yard".